

MM 73



HUMANITAS
RGN • HSRC

*die vraag na en aanbod van mannekrag
in die rsa in 1981: deel II*

raad vir geesteswetenskaplike navorsing

001.3072068

HSRC
MM 73

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

Privaatsak X41, Pretoria 0001, Republiek van Suid-Afrika


Telefoon 48-3944

Telegramme: RAGEN

President: Dr. A.L. Kotzee

Vise-presidente: Dr. J.D. Venter en dr. A.J. van Rooy

Sekretaris-tesourier: B.H. Steyn, M.Com., M.B.A., B.Ed., A.C.I.S., L.I.A.H.



Institute van die RGN

Geskiedenisnavorsing

Inligting en Spesiale Dienste

Kommunikasienavorsing

Mannekragnavorsing

Navorsingsontwikkeling

Opvoedkundige Navorsing

Psigometriese Navorsing

Sosiologiese, Demografiese en Kriminologiese Navorsing

Statistiese Navorsing

Taal, Lettere en Kuns

Administrasie

Funksie van die RGN

Die RGN onderneem, bevorder en koördineer navorsing op die gebied van die geesteswetenskappe, dien die Regering en ander instansies van advies insake die benutting van navorsingsbevindinge en versprei inligting betreffende die geesteswetenskappe.



RGN-BIBLIOTEEK
HSRC LIBRARY

VERVALDATUM / DATE DUE

30.5.80	1986 -10- 21	
31 OCT 1980	1987 -01- 12	
	13/4/87	
27 FEB 1981	1987 -10- 26	
1981 -05- 21	1987 -12- 24	
~~~ -09- 30	1988 -05- 11	
1981 -12- 31	1988 -06- 09	
1985 -01- 31		
26-1-85		
1986 -05- 21		

00004057007



2844363866



001.3072068 HSRC MM 73



* 0 4 0 5 7 8 *

**DIE VRAAG NA EN AANBOD VAN  
MANNEKRAG IN DIE RSA IN 1981:  
DEEL II**

**RAMING VAN DIE GROOTTE VAN DIE EKONOMIES BEDRYWIGE BE-  
VOLKING IN DIE RSA VOLGENS OUDERDOM, GESLAG EN VOLKS-  
GROEP, EN 'N VERGELYKING TUSSEN DIE VRAAG NA EN AANBOD  
VAN DIE ARBEIDSMAG OP 'N ONDERWYSPEILGRONDSLAG IN 1981**

J.A. VERMAAK, B.Com.  
J.J. JACOBS, M.Sc.  
S.S. TERBLANCHE B.Sc., B.A.(Hons.)

*INSTITUUT VIR MANNEKRAGNAVORSING*

*DIREKTEUR: W. VERHOEF*

*PRETORIA  
1978*

Verslag nr. **MM-73**

Kopiereg voorbehou

Prys: R2,80

## VOORWOORD

Hierdie studie oor die aanbod van arbeid is die tweede deel van die breër studie wat handel oor die vraag na en aanbod van mannekrag in die RSA in 1981. Vraag en aanbod word op 'n onderwyspeilgrondslag met mekaar vergelyk om sekere knelpunte uit te wys.

Ramings van toekomstige situasies bly egter steeds 'n onsekere saak en hierdie studie bied geen finale antwoorde op die RSA se mannekragprobleme nie. Dit toon egter sekere tendense wat rigtinggewend is.

Aan die Departemente van Statistiek en van Arbeid en van die Kantoor van die Ekonomiese Raadgewer, sonder wie se samewerking hierdie studie onmoontlik sou wees, my hartlike dank. Die Instituut vir Inligting word vir redigering van die verslag en die Instituut vir Statistiese Navorsing vir die rekenaarverwerkings bedank.

  
PRESIDENT

Augustus 1978

## INHOUD

BLADSY

SUMMARY/OPSOMMING	vi
HOOFSTUK	
1 INLEIDING	1
1.1 Agtergrond en doelstelling	1
1.2 Basiese gegewens	3
1.3 Algemene metode vir die raming van die grootte en die onderwyspeilsamestelling van die toekomstige arbeidsmag in 1981	3
1.4 Opset van verslag	5
2 DEELNAMESYFERS IN 1981	7
3 GROOTTE VAN DIE BLANKE-, KLEURLING-, ASIËR- EN SWARTARBEIDSMAG IN 1981	16
4 DIE AANBOD VAN MANNEKRAM IN 1981, VOLGENS ONDERWYSPEIL	24
4.1 Inleiding	24
4.2 Blanke arbeidsmag volgens onderwyspeil	25
4.3 Nie-Blanke arbeidsmag volgens onderwyspeil	26
5 VERGELYKING TUSSEN DIE VRAAG NA EN AANBOD VAN MANNEKRAM IN DIE RSA IN DIE JAAR 1981	54
5.1 Inleiding	54
5.2 Blankes	55
5.3 Kleurlinge	59
5.4 Asiërs	61
5.5 Swartes	63
5.6 Gevolgtrekking	65
6 COMPARISON BETWEEN THE DEMAND FOR AND SUPPLY OF MANPOWER IN THE RSA IN THE YEAR 1981	69
6.1 Introduction	69
6.2 Whites	70
6.3 Coloureds	74
6.4 Asians	76
6.5 Blacks	78
6.6 Conclusion	80
LITERATUURLYS	84

TABELLE

BLADSY

2.1	METODES VAN PROJEKSIES VAN DEELNAMESYFERS VIR DIE VERSKILLEND VOLKSGROEPE EN GESLAGTE	10
2.2	PROJEKSIE VAN DEELNAMESYFERS VAN DIE BLANKEARBEIDSMAG, VOLGENS OUDERDOM IN 1981	11
2.3	PROJEKSIE VAN DEELNAMESYFERS VAN DIE KLEURLINGARBEIDSMAG, VOLGENS OUDERDOM IN 1981	12
2.4	PROJEKSIE VAN DEELNAMESYFERS VAN DIE ASIËRARBEIDSMAG, VOLGENS OUDERDOM IN 1981	13
2.5	PROJEKSIE VAN DEELNAMESYFERS VAN DIE SWARTARBEIDSMAG, VOLGENS OUDERDOM IN 1981	14
3.1	RAMING VAN DIE GROOTTE VAN DIE BLANKEARBEIDSMAG, VOLGENS OUDERDOM IN 1981	17
3.2	RAMING VAN DIE GROOTTE VAN DIE KLEURLINGARBEIDSMAG, VOLGENS OUDERDOM IN 1981	18
3.3	RAMING VAN DIE GROOTTE VAN DIE ASIËRARBEIDSMAG, VOLGENS OUDERDOM IN 1981	19
3.4	RAMING VAN DIE GROOTTE VAN DIE SWARTARBEIDSMAG, VOLGENS OUDERDOM IN 1981	20
3.5	TOTALE ARBEIDSMAG IN DIE RSA, VOLGENS VOLKSGROEP EN GESLAG IN 1960 EN 1970, EN 'N RAMING VAN DIÉ ARBEIDSMAG IN 1981	21
3.6	JAARLIKSE SAMEGESTELDE GROEI VAN DIE ARBEIDSMAG GE=DURENDE DIE PERIODE 1960-1970 EN 1970-1981, VOLGENS VOLKSGROEP EN GESLAG	22
4.1	PROJEKSIE VAN DIE ONDERWYSPEILSAMESTELLING VAN DIE MANLIKE BLANKEARBEIDSMAG	28
4.2	PROJEKSIE VAN DIE ONDERWYSPEILSAMESTELLING VAN DIE VROULIKE BLANKEARBEIDSMAG	30
4.3(a)	RAMING VAN DIE MANLIKE BLANKEARBEIDSMAG, VOLGENS OUDERDOM EN ONDERWYSPEIL IN 1981, MET 10 000 NETTO IMMIGRANTE PER JAAR	32
4.3(b)	RAMING VAN DIE MANLIKE BLANKEARBEIDSMAG, VOLGENS OUDERDOM EN ONDERWYSPEIL IN 1981, MET 20 000 NETTO IMMIGRANTE PER JAAR	33
4.4(a)	RAMING VAN DIE VROULIKE BLANKEARBEIDSMAG, VOLGENS OUDERDOM EN ONDERWYSPEIL IN 1981, MET 10 000 NETTO IMMIGRANTE PER JAAR	34

4.4(b)	RAMING VAN DIE VROULIKE BLANKEARBEIDSMAG , VOLGENS OUDERDOM EN ONDERWYSPEIL IN 1981, MET 20 000 NETTO IMMIGRANTE PER JAAR	35
4.5	PROJEKSIE VAN DIE ONDERWYSPEILSAMESTELLING VAN DIE MANLIKE KLEURLINGARBEIDSMAG	36
4.6	PROJEKSIE VAN DIE ONDERWYSPEILSAMESTELLING VAN DIE VROULIKE KLEURLINGARBEIDSMAG	38
4.7	RAMING VAN DIE MANLIKE KLEURLINGARBEIDSMAG, VOLGENS OUDERDOM EN DIE ONDERWYSPEIL IN 1981	40
4.8	RAMING VAN DIE VROULIKE KLEURLINGARBEIDSMAG, VOLGENS OUDERDOM EN ONDERWYSPEIL IN 1981	41
4.9	PROJEKSIE VAN DIE ONDERWYSPEILSAMESTELLING VAN DIE MANLIKE ASIËRARBEIDSMAG	42
4.10	PROJEKSIE VAN DIE ONDERWYSPEILSAMESTELLING VAN DIE VROULIKE ASIËRARBEIDSMAG	44
4.11	RAMING VAN DIE MANLIKE ASIËRARBEIDSMAG , VOLGENS OUDERDOM EN ONDERWYSPEIL IN 1981	46
4.12	RAMING VAN DIE VROULIKE ASIËRARBEIDSMAG , VOLGENS OUDERDOM EN ONDERWYSPEIL IN 1981	47
4.13	PROJEKSIE VAN DIE ONDERWYSPEILSAMESTELLING VAN DIE MANLIKE SWARTARBEIDSMAG	48
4.14	PROJEKSIE VAN DIE ONDERWYSPEILSAMESTELLING VAN DIE VRUGLIKE SWARTARBEIDSMAG	50
4.15	RAMING VAN DIE MANLIKE SWARTARBEIDSMAG , VOLGENS OUDERDOM EN ONDERWYSPEIL IN 1981	52
4.16	RAMING VAN DIE VROULIKE SWARTARBEIDSMAG , VOLGENS OUDERDOM EN ONDERWYSPEIL IN 1981	53
5.1	VERGELYKING TUSSEN VRAAG NA EN AANBOD VAN DIE ARBEIDSMAG IN DIE RSA IN DIE JAAR 1981, VOLGENS VOLKGROEP EN GESLAG	56
5.2(a)	VERGELYKING VAN DIE VRAAG NA EN AANBOD VAN BLANKE=ARBEID IN DIE RSA, VOLGENS ONDERWYSPEIL IN DIE JAAR 1981, MET 10 000 NETTO WINS AAN IMMIGRANTE PER JAAR	57
5.2(b)	VERGELYKING VAN DIE VRAAG NA EN AANBOD VAN BLANKE=ARBEID IN DIE RSA, VOLGENS ONDERWYSPEIL IN DIE JAAR 1981, MET 20 000 NETTO WINS AAN IMMIGRANTE PER JAAR	58
5.3	VERGELYKING VAN DIE VRAAG NA EN AANBOD VAN KLEURLING=ARBEID IN DIE RSA, VOLGENS ONDERWYSPEIL IN DIE JAAR 1981	60

5.4	VERGELYKING VAN DIE VRAAG NA EN AANBOD VAN ASIËR=ARBEID IN DIE RSA, VOLGENS ONDERWYSPEIL IN DIE JAAR 1981	62
5.5	VERGELYKING VAN DIE VRAAG NA EN AANBOD VAN SWARTARBEID IN DIE RSA, VOLGENS ONDERWYSPEIL IN DIE JAAR 1981	64
6.1	COMPARISON BETWEEN THE DEMAND FOR AND SUPPLY OF THE LABOUR FORCE IN THE RSA FOR 1981, ACCORDING TO POPULATION GROUP AND SEX	71
6.2(a)	COMPARISON BETWEEN THE DEMAND FOR AND SUPPLY OF WHITE LABOUR IN THE RSA, ACCORDING TO LEVEL OF EDUCATION FOR 1981, WITH A NETT ANNUAL GAIN OF 10 000 IMMIGRANTS	72
6.2(b)	A COMPARISON OF THE DEMAND FOR AND SUPPLY OF WHITE LABOUR IN THE RSA, ACCORDING TO LEVEL OF EDUCATION FOR 1981, WITH A NETT ANNUAL GAIN OF 20 000 IMMIGRANTS	73
6.3	COMPARISON BETWEEN THE DEMAND FOR AND SUPPLY OF COLOURED LABOUR IN THE RSA, ACCORDING TO LEVEL OF EDUCATION FOR 1981	75
6.4	COMPARISON BETWEEN THE DEMAND FOR AND SUPPLY OF ASIAN LABOUR IN THE RSA, ACCORDING TO LEVEL OF EDUCATION FOR 1981	77
6.5	COMPARISON BETWEEN THE DEMAND FOR AND SUPPLY OF BLACK LABOUR IN THE RSA, ACCORDING TO LEVEL OF EDUCATION FOR 1981	79

FIRURE

BLADS Y

2.1 DEELNAMESYFERS VAN VERSKILLENDÉ LANDE , VOLGENS VOLKS= GRGEP EN GESLAG

8

2.2 DEELNAMESYFERS VAN VERSKILLENDÉ LANDE , VOLGENS VOLKS= GRGEP EN GESLAG

9

## SUMMARY

In this study the size of the labour force (supply of manpower) of the RSA for every population group, according to age and sex, has been estimated for 1981. The size of the future labour force has been estimated by applying the projections of the future participation figures to the projection of the future population figures. An estimate has also been made of the level of education which the supply of manpower will have attained by 1981.

Lastly a comparison is made, on the basis of level of education, between the supply of and demand for labour in the RSA in 1981.

## OPSOMMING

In hierdie studie word 'n raming van die grootte van die arbeidsmag (aanbod van mannekrag) van die RSA vir elke volksgroep, volgens ouderdom en geslag, vir 1981 gemaak. Die grootte van die toekomstige arbeidsmag word geraam deur die projeksies van toekomstige deelnamesyfers op die projeksies van die toekomstige bevolkingsyfers toe te pas. 'n Raming van die onderwyspeil waарoor die mannekragaanbod in die jaar 1981 sal beskik, word ook gemaak.

Ten laaste word 'n vergelyking op 'n onderwyspeilgrondslag getref tussen die vraag na en aanbod van mannekrag in die RSA in 1981.

## HOOFSTUK 1

### INLEIDING

#### 1.1 AGTERGROND EN DOELSTELLING

Die mannekragnavorsing van die RGN het as breë doelstelling die skepping van 'n beeld van die RSA se mannekrag omdat hierdie beeld onder andere noodsaaklike kennis bied vir die omlyning van beplanningsdoelwitte sover dit mannekrag raak. Omdat beplanning toekomsgerig is, vorm vooruitskattings van die mannekragssituasie deel van huidige navorsing.

Ernstige en gefundeerde kritiek op die metodes wat reeds in die verlede toegepas is om mannekragvooruitskattings te maak, is reeds ingebring. Kyk byvoorbeeld Ahamed en Blaug (1973). Weiermair (1975) toon ook aan dat baie min vordering met die fundamentele probleme gemaak is en beweer dat die probleme om 'n land se mannekragbehoeftes akkuraat vir 'n spesifieke doelwitjaar vooruit te skat, miskien die beste besef kan word wanneer na die belsuitnemingsprosesse van firmas en organisasies gekyk word. Dit is hierdie besluite wat wesentlik uiteindelik die vraag na arbeid bepaal. Die vraag van wat die land se mannekragbehoeftes is, word dan eintlik 'n vraag van hoe werkgewers hulle mannekragbehoeftes gaan aanpas by eksogene en endogene faktore soos veranderinge in produksie en verkope, diversifikasie, verandering in pryse, vervanging van masjienerie, verandering in tegnologie en so meer. Daar is verder ook nie juis 'n vaste verhouding tussen die beroep- en onderwysstruktuur van 'n firma en die aard van sy produksie nie. (Layard, et al., 1971). Dit toon dat daar groot substitusiemontlikhede bestaan wat die vooruitskattings van die akkurate vraag uiters moeilik maak.

Aan die aanbodkant moet onthou word dat mannekragaanbod nie net 'n funksie van bevolkingsgrootte en deelnamesyfers is nie. In die geval van die aanbod is die beslissing wat die individu ten opsigte van sy beroep en opleiding neem, van groot belang. 'n Akkurate vooruitskatting van aanbod sou dan eintlik 'n teorie vereis wat aspekte soos arbeid, vryetydkeuse, verwagte inkomste uit beroeps- en opleidingsbeslissings, uitwerking van voorligting, ensovoorts gelyktydig kan hanteer. So 'n teorie bestaan nie, en lyk bykans na 'n lugkasteel.

Slegs enkele probleemareas is aangestip en in die lig van hierdie probleme kan wel gevra word hoekom voortgegaan word met hierdie studies? Die stimulus vir die volgehoudé belangstelling in mannekragvoor-

uitskattings bly die wanbalanse wat sedert die Tweede Wêreldoorlog tussen vraag en aanbod veral, ten opsigte van hoog geskoolde arbeid voor- kom. Die makro-mannekragvraag- en aanbodstudies van die RGN is wat metode betref, nie juis gesofistikeerd nie, en berus hoofsaaklik op 'n projeksie van die tendense van verandering wat in die verlede plaasge vind het. Daar word dus wesentlik nie mannekragvooruitskattings gemaak in die sin dat die invloede van al die bekende faktore op sowel vraag en aanbod gekwantifiseer en as afsonderlike veranderlikes in 'n saamhangende ekonomiese model ingebou word nie. Tog kan heelwat uit die projek sies geleer word, want sodra die projeksie van tendense uitloop op resultate wat klaarblyklik geen sin het nie, kan afleidings (alhoewel miskien nie kwantitatief nie) cor die waarskynlike aanpassings wat sal plaasvind, gemaak word. Verder bied dit 'n beeld van die veranderinge wat besig is om plaas te vind en waarvan kennis geneem behoort te word.

In deel een van die studie, The Demand for and Supply of Manpower Part 1, (Vermaak, Jacobs en Terblanche, 1977) is 'n raming van die vraag na arbeid vir die verskillende volksgroepe volgens geslag, beroep, ekonomiese sektor en onderwyspeil vir die jaar 1981 gemaak. Die huidige verslag wat handel oor die aanbod van arbeid, is die tweede deel van die studie. Hierin word ook die vraag en aanbod met mekaar vergelyk. As gevolg van die heterogeniteit van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag word sowel die vraag as die aanbod in volksgroepe verdeel. Aangesien daar egter wisselwerking tussen die volksgroepe ten opsigte van sowel vraag as aanbod bestaan, is dit nodig dat die gehele arbeidsmag ook gelykydig in oënskou geneem sal word om 'n duidelike geheelbeeld te verkry.

Die deelnamepatroon van mans en vroue aan die arbeidsmag is so radikaal verskillend in soverre dit hul beroepsbeoefening en vaste verbintenis met die arbeidsmag betref, dat dit ook noodsaaklik is om vraag- en aanbodstudies deurgaans volgens geslag uit te voer.

Daar is slegs enkele beroepe soos dié van medikus en prokureur waar die opleiding spesifiek voorgeskryf word en studie daarom direk met beroep in verband bring kan word. Toetreders tot die arbeidsmag met 'n algemene, nie beroepsgerigte opleiding, kan tot 'n groot verskeidenheid van beroepe toetree. Oor hierdie toetredingspatroon, wat sterk deur die vraag beïnvloed sal word, bestaan baie min inligting. Dit is dus nie moontlik om die vergelyking tussen vraag en aanbod op 'n beroepsbasis te doen nie, en die vergelyking vind daarom op 'n onderwyspeilgrondslag plaas.

Die mannekragvraag- en aanbodstudies word ook normaalweg elke twee jaar herhaal om saam te val met die nuwe Ekonomiese Ontwikkelingsprogram (EOP) en die doelwitjaar kom ook daarom ooreen met die van die EOP, vandaar die ramings vir 1981.

## 1.2 BASIESE GEGEWENS

Die bevolkingsensusse van 1960 en 1970 van die Departement van Statistiek is as basiese gegewens gebruik. Die tabellerings uit die bevolkingsensusse is verkry van 'n 10-persentsteekproef vir Blankes in 1960 en 1970, 'n 10-persentsteekproef vir Kleurlinge en Asiërs in 1970 en 'n 20-persentsteekproef in 1960. Vir die Swartes was slegs 'n 5-persentsteekproef van die 1970-bevolkingsensus beskikbaar.

Die gegewens van 1960 is uit spesiale tabellerings van die 1960- en 1970-bevolkingsensusgegewens verkry.

## 1.3 ALGEMENE METODE VIR DIE RAMING VAN DIE GROOTTE EN DIE ONDERWYSPEILSAMESTELLING VAN DIE ARBEIDSMAG IN 1981

Besonderhede van die metode en sekere aannames met betrekking tot die verskillende bevolkingsgroepe, word in die teks volledig beskryf. In hierdie paragraaf word slegs die algemene metode en uitgangspunte behandel. Die metode wat gevolg word om die grootte van die toekomstige arbeidsmag van 'n land te raam, kom basies daarop neer dat projeksies van toekomstige deelnamesyfers op projeksies van die bevolkingsyfers toegepas is, terwyl die onderwyspeil van die arbeidsmag geraam is deur die ramings van die onderwyspeilsamestelling op die projeksies van die aanbod toe te pas.

Die deelnamesyfer van 'n groep persone is die persentasie van daardie groep wat ekonomies bedrywig is. Dié groep kan die hele bevolking van 'n land of 'n deel van die bevolking byvoorbeeld, 'n bepaalde ouderdomsgroep, net die manlikes of net 'n spesifieke volksgroep wees. Die ekonomiesbedrywiges sluit werknemers, werkgewers en werkloses in wat daadwerklik werk soek, en volg die omskrywing van die bevolkingsensusse.

### 1.3.1 Projeksie van die deelnamesyfer

Soos reeds genoem, verskil die deelnamesyfers van mans en vroue radikaal. Mans is in baie groter mate as vroue ekonomies bedrywig omdat hul gewoonlik die vernaamste broodwinner is. Deelnamesyfers wissel ook

na gelang van ouderdom. Jonger persone, byvoorbeeld dié tussen 15 en 19 jaar, het 'n kleiner deelnamesyfer as ouer persone, sê dié tussen 30 en 34 jaar, omdat 'n groter deel van die 15- tot 19-jariges nog met opleiding en formele onderwys besig is. Verder daal die deelnamesyfer van persone na 60 tot 64 jaar weer skerp as gevolg van die bereiking van uitdienstydingsouderdomme. Die verskillende volksgroepe van die RSA se deelnamesyfers is ook nie eenders nie, maar wissel van volksgroep tot volksgroep. So byvoorbeeld is die Asiërvroue in baie kleiner mate ekonomies bedrywig as die vroue van ander volksgroepe.

Sou die onderlinge samestelling van die totale bevolking van die RSA ten opsigte van hierdie, die veranderlikes wat deelnamesyfers beïnvloed, oor tyd konstant bly, sou die totale arbeidsmag geraam kon word deur 'n projeksie van 'n enkele gemiddelde deelnamesyfer op 'n projeksie van die totale bevolking toe te pas. Die onderlinge samestelling verander egter oor tyd, sodat 'n noukeuriger raming van die grootte van die arbeidsmag verkry word indien die raming deurgaans volgens geslag, ouderdom en volksgroep gemaak word. Die projektering van die deelnamesyfers is nie 'n doel op sigself nie, maar word gebruik om 'n raming van die grootte van die arbeidsmag (aanbod) te verkry, en 'n raming van die aanbod volgens die drie veranderlikes sal buitendien van veel groter nut vir beplanning wees as 'n enkele aanbodsyfer.

### 1.3.2 Projeksie van die bevolking

Bevolkingsprojeksie volgens geslag, ouderdom en volksgroep is van die Departement van Statistiek (1970–2020) verkry en in hierdie studie gebruik.

Alhoewel verskillende aannames met betrekking tot die drie komponente van bevolkingsgroei, naamlik fertilititeit, mortaliteit en immigrasie gemaak kan word, is die volgende aannames in hierdie studie aanvaar, naamlik 'n medium fertilitetsaanname ten opsigte van die vier volksgroepe, en 'n jaarlikse immigrasiewins van 10 000 en 20 000 ten opsigte van die Blanke bevolking oor die projeksieperiode.

'n Belangrike faktor wat die grootte van die Blanke bevolking beïnvloed, is immigrasie en emigrasie. Akkurate skatting van die toekomstige netto immigrasie, hetsy wins of verlies, is nie moontlik nie aangesien dit deur faktore soos regeringsbeleid teenoor immigrante, die politieke en ekonomiese klimaat in RSA, en die lande van herkoms van immigrante bepaal word. Daar word daarom twee bevolkingsramings vir

Blankes gemaak, naamlik met 10 000 en met 20 000 jaarlikse netto wins aan immigrante. 'n Raming met 'n netto wins van 20 000 oor die periode 1970-1981 is waarskynlik te hoog, aangesien daar in 1977 'n klein netto verlies van 1178 was. Die totale netto wins aan immigrante vir die periode 1970-1975 was 197 479. Indien vir die periode 1978-1981 geen wins of verlies getoon word nie, beteken die wins van 197 479 'n gemiddelde wins van 16 456 vir die hele periode 1970-1981. Die werklike bevolkingsyfer vir Blankes sal dus waarskynlik êrens tussen die twee ramings lê, alhoewel die situasie in Rhodesië hierdie gevolgtrekking kan beïnvloed.

Deur die geprojekteerde deelnamesyfers in 1981 op die ooreenstemmende bevolkingsyfer volgens geslag, ouderdom en volksgroep toe te pas en dan oor ouerdomme te sommeer, is die totale arbeidsmag van die RSA, volgens geslag en volksgroep vir die jaar 1981 geraam.

#### 1.3.3 Raming van die arbeidsmag volgens onderwyspeil

Die omvang van die bydrae van arbeid tot die produksieproses van 'n land sal in die eerste plek van die aantal werkers afhang; in die tweede plek van die soort werk wat hulle kan doen en derdens van die mate van inspanning en vernuf waarmee hulle hul werk doen. Afgesien van die blote getalle dus, het die "gehalte" van die arbeidsmag 'n belangrike invloed op die omvang van produksie. Namate 'n land ekonomies ontwikkel, ontstaan daar 'n behoefte aan 'n arbeidsmag met 'n verskeidenheid van vaardighede. Hierdie vaardigheidsamestelling word onder andere deur opleiding van die werker daargestel, wat weer gedeeltelik in die onderwyspeilsamestelling van die globale arbeidsmag weerspieël word.

Net soos by die deelnamesyfers, verskil die onderwyspeilsamestelling van die arbeidsmag van die RSA ook, volgens geslag, ouderdom en volksgroep.

Die onderwyspeilsamestelling van die ekonomies bedrywige bevolking in 1981, wat in 'n mate die kwaliteit van die arbeidsmag weerspieël, word op grond van die waargenome veranderinge oor die tydperk 1960-1970 geraam. Besonderhede van die metode van raming word in die teks beskryf.

#### 1.4 OPSET VAN VERSLAG

Die algemene metode vir die raming van die aanbod van arbeid is in paragraaf 1.3 kortliks geskets. In hoofstuk 2 word besonderhede ge-

gee van die raming van deelnamesyfers, en in hoofstuk 3 word die grootte van die arbeidsmag in 1981 geraam. In hoofstuk 4 word die aanbod van mannekrag na 'n aanbod, volgens onderwyspeil herlei.

In hoofstuk 5 word die vraag- en aanbodramings op 'n onderwyspeilgrondslag vergelyk, en bespreek.

HOOFSTUK 2  
DEELNAMESYFERS IN 1981

Soos reeds in hoofstuk 1 genoem, verskil die deelnamesyfers volgens volksgroepe, geslagte en ouderdomsgroepe en daarom word die toekomstige deelnamesyfer, volgens hierdie drie veranderlikes afsonderlik geraam.


Deelnamesyfers in 1960 en 1970 volgens volksgroep, geslag en ouderdom, is van die 1960- en 1970-bevolkingsensusgegewens bereken. Die gegewens is van steekproewe wat tot die beskikking van RGN is, verkry.

Vir die berekening van die 1960- en 1970-deelnamesyfer ten opsigte van die Blanke bevolking, is 'n 10-persentsteekproef van die 1960- en 1970-bevolkingsensusgegewens gebruik. Vir die Kleurlinge en Asiërs is 'n 20-persentsteekproef van die 1960- en 'n 10-persentsteekproef van die 1970-bevolkingsensusgegewens gebruik, terwyl die gegewens vir die raming van die Swart bevolking se deelnamesyfers verkry is van 'n 5-persentsteekproef van die 1970-bevolkingsensus en gepubliseerde syfers van die 1960-bevolkingsensus. Alle tabellerings vir mans en vroue is in 5-jaarouderdomsgroepe verkry en geprojekteer tot 1981.

Die waargenome verandering is vir elke ouderdomsgroep en volksgroep, volgens geslag reglynig geprojekteer. Die projeksies vir die verskillende volksgroepe is daarna ouderdomsgroep vir ouderdomsgroep met die situasie in ander lande vergelyk (Yearbook of Labour Statistics, 1977). Dit het geen nut om al die vergelykings hier te verstrek nie, maar voorbeeld word in figure 2.1 en 2.2 getoon. Was die tendens in RSA soortgelyk aan die tendense wat in ander lande waargeneem is, is die reglynige projeksie aanvaar. Kyk byvoorbeeld figuur 2.1 vir Blanke mans en vroue in die ouderdomsgroep 20 tot 24 jaar. Was die oorsese neiging egter anders, is aanpassings gemaak. Voorbeeld van sodanige aanpassings word in figuur 2.1 vir Kleurlingmans en Asiërmans aangetoon. Tabel 2.1 toon van watter projeksie gebruik gemaak is in die raming van die deelnamesyfers. Omdat die groot styging in die deelnamesyfer van Swartvroue in die periode 1960-1970, toegeskryf kan word aan definisieveranderinge, is die 1970-deelnamesyfer as geldig vir 1981 vir Swartvroue aanvaar.

Die projeksies van die deelnamesyfers vir die verskillende volksgroepe en geslagte word respektiewelik in tabel 2.2 vir die Blankes, tabel 2.3 vir die Kleurlinge, tabel 2.4 vir die Asiërs en tabel 2.5 vir


FIGUUR 2.1  
DEELNAMESYFERS VAN VERSKILLEnde LАНDE, VOLGENS VOLKSGROEP EN GESLAG



FIGUUR 2.2  
DEELNAMESYFERS VAN VERSKILLEnde LAnde, VOLGENS VOLKSGROEP EN GESLAG

KLEURLINGVROUE ( 15- 19 j. )

ASI&RVROUE ( 20-24 j. )



TABEL 2.1  
METODES VAN PROJEKSIËS VAN DEELNAMESYFFERS VIR DIE VERSKILLEnde VOLKGROEPE EN GESLAGTE

Ouderdoms= groep	Blankes	Kleurlinge	Asiërs	Vroulik	Manlik	Swartes
	Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik	Manlik	Vroulik
15-19	Reglynig	Reglynig	Reglynig	Reglynig	Reglynig	Reglynig
20-24	"	"	"	"	"	Reglynig
25-29	"	"	"	"	"	"
30-34	"	"	"	"	"	"
35-39	"	"	"	"	"	"
40-44	"	"	"	"	"	"
45-49	"	"	"	"	"	"
50-54	"	"	"	"	"	"
55-59	"	"	"	"	"	"
60-64	"	"	"	"	"	"
65-69	"	"	"	"	"	"
70-74	"	"	"	"	"	"
Immigrasie:	20000 p.j.	-	-	-	-	-

1) Met half-reglynig word bedoel dat die verandering wat 'n reglynige projeksie lewer gehalveer word

TABEL 2.2  
PROJEKSIE VAN DEELNAME SYFERS VAN DIE BLANKEARBEIDSMAG, VOLGENS OUDERDOM IN 1981

M A N S				V R O U E			
OUDERDOM	BASISPERIODE 1960	DOELWITJAAR 1970	OUDERDOM	BASISPERIODE 1960	DOELWITJAAR 1970	OUDERDOM	BASISPERIODE 1960
15 - 19	37.01	37.61	38.27	15 - 19	33.08	32.23	33.39
20 - 24	91.56	88.15	84.40	20 - 24	50.49	58.11	66.49
25 - 29	98.68	97.33	95.84	25 - 29	31.03	39.60	49.03
30 - 34	99.37	98.55	97.65	30 - 34	28.29	35.58	43.60
35 - 39	99.17	98.52	97.80	35 - 39	28.66	37.19	46.57
40 - 44	99.18	97.83	96.34	40 - 44	28.52	39.35	51.26
45 - 49	98.78	97.20	95.46	45 - 49	28.75	37.74	47.63
50 - 54	97.82	95.08	92.07	50 - 54	26.41	33.50	41.30
55 - 59	94.00	91.27	88.27	55 - 59	25.20	28.19	31.48
60 - 64	77.10	72.28	66.98	60 - 64	14.82	18.70	22.97
65 - 69	58.78	53.76	48.24	65 - 69	7.89	11.02	14.46
70 - 74	39.97	34.69	28.88	70 - 74	4.74	5.50	6.34
GEMIDDELD	85.29	83.12	81.35	GEMIDDELD	29.18	35.52	42.16

PROJEKSTE VAN DEELNAMESYFERS VAN DIE KLEURLINGARBEIDS MAG, VOLGENS OUDERDOM IN 1981

TABEL 2.3

	M	A	N	S	
OUDERDOM	BASISPERIODE	DOELWITJAAR			
	1960	1970	1981		
15 - 19	75•30	79•60	75•30		
20 - 24	97•80	94•40	90•66		
25 - 29	95•10	96•10	92•80		
30 - 34	95•00	96•50	93•75		
35 - 39	98•60	96•20	93•56		
40 - 44	97•90	96•30	94•54		
45 - 49	97•70	95•50	93•08		
50 - 54	95•80	94•00	92•02		
55 - 59	95•00	92•40	89•54		
60 - 64	79•70	67•60	67•60		
65 - 69	53•90	43•20	43•20		
70 - 74	33•00	24•90	24•90		
GEMIDDELD	91•56	89•02	86•33		

	M	A	N	S		V	R	U	E
OUDERDOM	BASISPERIODE	DOELWITJAAR							
	1960	1970	1981						
15 - 19				15 - 19		62•10	51•10		39•00
20 - 24				20 - 24		59•10	58•20		58•20
25 - 29				25 - 29		43•70	48•10		52•94
30 - 34				30 - 34		38•10	43•60		49•65
35 - 39				35 - 39		35•80	42•10		49•03
40 - 44				40 - 44		36•70	40•40		44•47
45 - 49				45 - 49		34•20	37•80		41•76
50 - 54				50 - 54		32•40	35•80		39•54
55 - 59				55 - 59		29•50	30•20		30•97
60 - 64				60 - 64		18•20	14•60		14•60
65 - 69				65 - 69		8•90	6•90		6•90
70 - 74				70 - 74		5•30	3•80		3•80
GEMIDDELD						43•55	43•83		44•72

TABEL 2.4

PROJEKSIE VAN DEELNAMESYFFERS VAN DIE ASIËRARBEEIDS MAG, VOLGENS OUDERDOM IN 1981

	M	A	N	S
OUDERDOM	BASISPERIODE 1960	BASISPERIODE 1970	DOELWITJAAR 1981	DOELWITJAAR 1981
15 - 19	50.80	44.30	40.72	15 - 19
20 - 24	91.80	86.30	83.27	20 - 24
25 - 29	99.10	94.10	91.35	25 - 29
30 - 34	99.50	96.00	94.07	30 - 34
35 - 39	99.20	96.30	94.70	35 - 39
40 - 44	99.30	95.30	93.10	40 - 44
45 - 49	99.30	94.20	91.39	45 - 49
50 - 54	95.90	89.40	85.82	50 - 54
55 - 59	94.30	84.70	79.42	55 - 59
60 - 64	78.10	65.30	58.26	60 - 64
65 - 69	44.40	41.80	40.37	65 - 69
70 - 74	24.00	27.70	29.73	70 - 74
GEMIDDELD	85.75	80.42	79.12	GEMIDDELD

	V	R	O	U	E
OUDERDOM	BASISPERIODE 1960	BASISPERIODE 1970	DOELWITJAAR 1970	DOELWITJAAR 1981	
15 - 19	6.90	19.70	33.78		
20 - 24	10.00	25.10	41.71		
25 - 29	10.10	26.10	31.10		
30 - 34	7.00	18.20	30.52		
35 - 39	8.70	16.80	25.71		
40 - 44	9.80	16.40	23.66		
45 - 49	9.90	12.10	14.52		
50 - 54	12.60	16.20	10.20		
55 - 59	11.90	8.00	8.00		
60 - 64	7.40	5.30	5.30		
65 - 69	2.80	1.50	1.50		
70 - 74	1.50	.70	.70		
GEMIDDELD	8.80	18.03	27.15		

TABEL 2.5

PROJEKSIE VAN DEELNAMESYFERS VAN DIE SWARTARBEIDSMAG, VOLGENS OUDERDOM IN 1981

M A N S			V R O U E			
OUDERDOM	BASISPERIODE 1960	DOELWITJAAR 1981	OUDERDOM	BASISPERIODE 1960	DOELWITJAAR 1981	
15 - 19	75•50	62•30	55•04	15 - 19	32•80	45•20
20 - 24	96•90	92•90	88•50	20 - 24	32•70	59•90
25 - 29	99•30	96•50	93•42	25 - 29	28•00	49•20
30 - 34	99•40	97•30	94•99	30 - 34	24•10	44•10
35 - 39	99•50	97•70	95•72	35 - 39	25•10	41•50
40 - 44	99•30	97•30	95•10	40 - 44	23•90	39•90
45 - 49	99•30	97•40	95•31	45 - 49	29•30	37•60
50 - 54	99•20	96•90	94•37	50 - 54	26•70	34•60
55 - 59	99•00	96•10	92•91	55 - 59	23•50	30•90
60 - 64	92•90	76•10	66•86	60 - 64	9•80	13•60
65 - 69	70•50	64•20	60•73	65 - 69	15•10	8•70
70 - 74	54•00	46•90	42•99	70 - 74	9•20	5•20
GEMIDDELD	93•40	87•18	83•81	GEMIDDELD	26•60	43•20
						43•90

die Bantoes aangegee.

Opvallend is dat die deelnamesyfers van die mans by al vier volksgroepe gedaal het, terwyl dié van die vroue gestyg het. Van al die bevolkingsgroepe se deelnamesyfers het die Asiërvroue sekerlik die grootste gedaanteverwisseling gedurende die periode 1960-1970 ondergaan.

Die patroon van die 1970-deelnamesyfers by die Asiër- en Kleurlingvrou kom baie ooreen alhoewel die Asiërvroue se deelnamesyfers laer is as dié van Kleurlingvroue. Ooreenkomsdig ekonomiese bedrywigheid wil dit dus voorkom of die Asiërvrou tans 'n meer normale patroon volg.

Die gemiddelde deelnamesyfer wat aangegee word van elke volksgroep, volgens geslag vir die jaar 1981 is nie geprojekteer nie, maar is bereken en verkry deur die totale arbeidsmag wat in hoofstuk 3 aangegee word, uit te druk as 'n persentasie van die totale geprojekteerde bevolkingsgrootte (slegs 15-74 jaar) in die jaar 1981.

### HOOFSTUK 3

#### GROOTTE VAN DIE BLANKE-, KLEURLING-, ASIËR- EN SWARTARBEIDSMAG IN 1981

Die geprojekteerde deelnamesyfers van hoofstuk 2 is nou op die projeksie van die totale bevolking vir die verskillende groepe vir die jaar 1981 toegepas, om die grootte van die arbeidsmag te raam (Bevolkingsprojeksies vir die RSA, 1970-2002).

Immigrasie het 'n belangrike rol in die groei van die RSA se Blankearbeidsmag vanaf 1962 gespeel. Aangesien internasionale immigrasie tans baie onvoorspelbaar is, is vir die doeleindes van hierdie studie, 'n jaarlikse immigrasiewins onder Blankes van 10 000 en 20 000 veronderstel en afsonderlike ramings gemaak. By die Kleurlinge, Asiërs en Bantoes speel immigrasie 'n onbeduidende rol. Daar moet verder op gelet word dat vreemde Bantoes in die RSA ook nie by hierdie raming ingesluit is nie.

Net soos by die projeksies van deelnamesyfers, word die grootte van die arbeidsmag vir al vier die bevolkingsgroottes in 5-jaarouderdomsgroepe tussen die ouderdomme van 15 tot 74 jaar aangegee.

Tabelle 3.1, 3.2, 3.3 en 3.4 gee die ramings van die grootte van die arbeidsmag vir onderskeidelik Blankes, Kleurlinge, Asiërs en Bantoes aan.

Tabel 3.1 toon dat die twee ramings van die Blankearbeidsmag met 42 000 mans en 17 000 vroue verskil.

Tabel 3.5 gee 'n oorsig van die arbeidsmag van al vier die bevolkingsgroepe vir die jare 1960, 1970 en 1981. Volgens dié tabel was die verhouding van manlikes tot vroulikes in 1960 3 : 1, terwyl aangetoon word dat, indien die tendense sou voortduur, dat die verhouding in 1981 tot 2 : 1 sal verander. Die grootste persentuele verskuiwing kom egter by die Asiërvroue voor, naamlik van 9,1 persent in 1960 na 26,0 persent in 1981.

Tabel 3.5 toon dat die Blankearbeidsmag as deel van die totale arbeidsmag teen 'n netto immigrasiewins van 10 000 per jaar vir die periode 1970-1981 van 19,0 persent in 1970, tot 17,8 persent in 1981 sal daal. Die jaarlikse groei in die manlike Blankearbeidsmag (tabel 3.6) verminder teen dieselfde immigrasiekoers van 2,4 persent vir die periode 1960-1970, tot 'n geraamde 1,7 persent vir die periode 1970-1981, terwyl dié van vroue verminder van 4,4 tot 'n geraamde 3,4 persent per jaar.

TABEL 3.1  
RAMING VAN DIE GROOTTE VAN DIE BLANKEARBEIDSMAG, VOLGENS OUDERDOM IN 1981

	M	A	N	S					
OUDERDOM		BASISPERIODE		DOELWITJAAR : 1981					
	1960	1970	10000	20000					
15 - 19	50630	65479	78163	79655					
20 - 24	108320	151000	170196	174647					
25 - 29	101450	155903	173757	182498					
30 - 34	102000	133939	175928	185346					
35 - 39	97070	113327	164230	170846					
40 - 44	91810	104873	134652	138968					
45 - 49	91050	97579	108384	111395					
50 - 54	80830	83813	94174	96126					
55 - 59	56590	76219	82210	83403					
60 - 64	33870	49764	50538	51131					
65 - 69	21060	23692	32059	32339					
70 - 74	9700	9602	14553	14649					
TOTAAL	844380	1065190	1278834	1321003					

	V	R	O	U	E
OUDERDOM		BASISPERIODE		DOELWITJAAR : 1981	
	1960	1970	10000	20000	
15 - 19		15 - 19	43980	55766	65619
20 - 24		20 - 24	59050	95317	128248
25 - 29		25 - 29	32020	59598	85391
30 - 34		30 - 34	29070	45901	75074
35 - 39		35 - 39	27770	41530	73582
40 - 44		40 - 44	27200	41919	68446
45 - 49		45 - 49	26360	37887	53233
50 - 54		50 - 54	22610	30501	43134
55 - 59		55 - 59	15620	24367	30334
60 - 64		60 - 64	7440	14303	19138
65 - 69		65 - 69	3420	5709	10916
70 - 74		70 - 74	1600	2143	4007
TOTAAL	296140	454941	657172	674531	

TABEL 3.2  
RAMING VAN DIE GROOTTE VAN DIE KLEURLINGARBEIDSMAAG, VOLGENS OUDERDOM IN 1981

M A N S			V R O U E		
OUDERDOM	BASISPERIODE 1960	DOELWITJAAR 1970	OUDERDOM	BASISPERIODE 1960	DOELWITJAAR 1981
15 - 19	40900	88626	123876	15 - 19	34415
20 - 24	49750	84365	126770	20 - 24	31000
25 - 29	41420	65607	103231	25 - 29	18850
30 - 34	35195	59955	83269	30 - 34	13410
35 - 39	28980	50514	60851	35 - 39	10000
40 - 44	23445	39839	55769	40 - 44	8570
45 - 49	20535	32823	46214	45 - 49	7155
50 - 54	16540	25464	34958	50 - 54	5415
55 - 59	12690	20189	27211	55 - 59	3695
60 - 64	6950	12066	14872	60 - 64	1820
65 - 69	3465	5516	6791	65 - 69	665
70 - 74	1555	1730	2779	70 - 74	290
TOTAL	281425	486694	686591	TOTAAL	135285

M A N S			V R O U E		
OUDERDOM	BASISPERIODE 1960	DOELWITJAAR 1970	OUDERDOM	BASISPERIODE 1960	DOELWITJAAR 1981
15 - 19	40900	88626	123876	15 - 19	34415
20 - 24	49750	84365	126770	20 - 24	31000
25 - 29	41420	65607	103231	25 - 29	18850
30 - 34	35195	59955	83269	30 - 34	13410
35 - 39	28980	50514	60851	35 - 39	10000
40 - 44	23445	39839	55769	40 - 44	8570
45 - 49	20535	32823	46214	45 - 49	7155
50 - 54	16540	25464	34958	50 - 54	5415
55 - 59	12690	20189	27211	55 - 59	3695
60 - 64	6950	12066	14872	60 - 64	1820
65 - 69	3465	5516	6791	65 - 69	665
70 - 74	1555	1730	2779	70 - 74	290
TOTAL	281425	486694	686591	TOTAAL	135285

TABEL 3.3  
RAMING VAN DIE GROOTTE VAN DIE ASTERARBEIDSMAG, VOLGENS OUDERDOM IN 1981

M A N S			V R O U E		
OUDERDOM	BASISPERIODE 1960	DOELWITJAAR 1981	OUDERDOM	BASISPERIODE 1960	DOELWITJAAR 1981
15 - 19	10280	16882	17992	15 - 19	1450
20 - 24	15550	28634	33435	20 - 24	1785
25 - 29	13095	25501	35115	25 - 29	1350
30 - 34	11650	20947	31647	30 - 34	790
35 - 39	9220	16640	25826	35 - 39	790
40 - 44	8295	13532	20110	40 - 44	735
45 - 49	6670	11030	15025	45 - 49	585
50 - 54	4480	8305	10968	50 - 54	485
55 - 59	3290	6183	7767	55 - 59	366
60 - 64	1815	3212	4020	60 - 64	145
65 - 69	620	1245	1922	65 - 69	30
70 - 74	245	409	754	70 - 74	10
TOTAAL	85210	152520	204621	TOTAAL	8515

M A N S			V R O U E		
OUDERDOM	BASISPERIODE 1960	DOELWITJAAR 1981	OUDERDOM	BASISPERIODE 1960	DOELWITJAAR 1981
15 - 19	10280	16882	17992	15 - 19	1450
20 - 24	15550	28634	33435	20 - 24	1785
25 - 29	13095	25501	35115	25 - 29	1350
30 - 34	11650	20947	31647	30 - 34	790
35 - 39	9220	16640	25826	35 - 39	790
40 - 44	8295	13532	20110	40 - 44	735
45 - 49	6670	11030	15025	45 - 49	585
50 - 54	4480	8305	10968	50 - 54	485
55 - 59	3290	6183	7767	55 - 59	366
60 - 64	1815	3212	4020	60 - 64	145
65 - 69	620	1245	1922	65 - 69	30
70 - 74	245	409	754	70 - 74	10
TOTAAL	85210	152520	204621	TOTAAL	8515

RAMING VAN DIE GROOTTE VAN DIE SWARTARBEIDSMAG, VOLGENS OUDERDOM IN 1981

TABEL 3.4

OUDERDOM	M	A	N	S	BASISPERIODE 1960	DGELWITJAAR 1970	DGELWITJAAR 1981
15 - 19		495851			621952		
20 - 24		616660			923905		
25 - 29		543565			737542		
30 - 34		465346			615022		
35 - 39		402221			519109		
40 - 44		334283			427912		
45 - 49		273693			357794		
50 - 54		215137			282363		
55 - 59		160487			215096		
60 - 64		96738			112993		
65 - 69		68039			68321		
70 - 74		32773			30385		
TOTAL		3704793			4912414		

OUDERDOM	M	A	N	S	BASISPERIODE 1960	DGELWITJAAR 1970	DGELWITJAAR 1981
15 - 19					15 - 19		
20 - 24					20 - 24		
25 - 29					25 - 29		
30 - 34					30 - 34		
35 - 39					35 - 39		
40 - 44					40 - 44		
45 - 49					45 - 49		
50 - 54					50 - 54		
55 - 59					55 - 59		
60 - 64					60 - 64		
65 - 69					65 - 69		
70 - 74					70 - 74		
TOTAL					TOTAL		
					1850866		
						2669394	

TABEL 3.5

TOTALE ARBEIDSMAG IN DIE RSA, VOLGENS VOLKSGROEP EN GESLAG  
IN 1960 EN 1970 EN 'N RAMING VAN DIÉ ARBEIDSMAG IN 1981

Volks-groep	Geslag	Arbeidsmag							
		1960		1970		1981(20000) ¹⁾		1981(10000) ²⁾	
		N	%	N	%	N	%	N	%
Blankes	Man= N lik %	844380 74,0	15,3	1065190 70,1	13,3	1321003 66,2	12,1	1278834 66,1	11,7
	Vrouw= N lik %	296140 26,0	5,4	454941 29,9	5,7	674531 33,8	6,2	657122 33,9	6,1
	TO= N TAAL %	1140520 100,0	20,7	1520131 100,0	19,0	1995534 100,0	18,3	1935956 100,0	17,8
Kleur-linge	Man= N lik %	281425 67,5	5,1	486694 66,4	6,1	686592 65,0	6,3	686592 65,0	6,3
	Vrouw= N lik %	135285 32,5	2,4	246572 33,6	3,1	368958 35,0	3,4	368958 35,0	3,4
	TO= N TAAL %	416710 100,0	7,5	733266 100,0	9,2	1055550 100,0	9,7	1055550 100,0	9,7
Asiërs	Man= N lik %	85210 90,9	1,5	152520 81,7	1,9	204621 74,0	1,9	204621 74,0	1,9
	Vrouw= N lik %	8515 9,1	0,2	34109 18,3	0,4	72051 26,0	0,6	72051 26,0	0,7
	TO= N TAAL %	93725 100,0	1,7	186629 100,0	2,3	276672 100,0	2,5	276672 100,0	2,6
Swartes	Man= N lik %	3041472 78,4	55,0	3704793 66,7	46,3	4912413 64,8	45,0	4912413 64,8	45,3
	Vrouw= N lik %	835647 21,6	15,1	1850866 33,3	23,2	2669393 35,2	24,5	2669393 35,2	24,6
	TO= N TAAL %	3877119 100,0	70,1	5555659 100,0	69,5	7581806 100,0	69,5	7581806 100,0	69,9
Total Arbeids-mag	Man= N lik %	4252487 76,9		5409197 67,7		7124629 65,3		7082460 65,3	
	Vrouw= N lik %	1275587 23,1		2586488 32,3		3784933 34,7		3767524 34,7	
	TO= N TAAL %	5528074 100,0	100,0	7995685 100,0	100,0	10909562 100,0	100,0	10849984 100,0	100,0

1) Die 20 000 beteken dat dié Blanke arbeidsmag geraam word met aanvaarding van 'n 20 000 jaarlikse netto wins aan immigrante vir die periode 1971-1981

2) Blanke arbeidsmag geraam met aanvaarding van 'n 10 000 jaarlikse netto wins

TABEL 3.6  
JAARLIKSE SAMEGESTELDE GROEI VAN DIE ARBEIDSMAG GEDURENDE DIE  
PERIODE 1960-1970 EN 1970-1980, VOLGENS VOLKSGROEP EN GESLAG

Volksgroep	Geslag	Jaarlikse groei					
		1960-1970		1970-1981 (20000)		1970-1981 (10000)	
		N	%	N	%	N	%
Blankes	Manlik	22080	2,4	23260	2,0	19420	1,7
	Vroulik	15880	4,4	19960	3,6	18380	3,4
	TOTAAL	37960	2,9	43220	2,5	37800	2,2
Kleurlinge	Manlik	20530	5,6	18170	3,2	18170	3,2
	Vroulik	11130	6,2	11130	3,7	11130	3,7
	TOTAAL	31660	5,8	29300	3,4	29300	3,4
Asiërs	Manlik	6730	6,0	4740	2,7	4740	2,7
	Vroulik	2560	14,9	3450	7,0	3450	7,0
	TOTAAL	9290	7,1	8190	3,6	8190	3,6
Swartes	Manlik	66330	2,0	109780	2,6	109780	2,6
	Vroulik	101520	8,3	74410	3,4	14410	3,4
	TOTAAL	167850	3,7	184190	2,9	184190	2,9
Totale Arbeidsmag	Manlik	115670	2,4	155950	2,5	152110	2,5
	Vroulik	131090	7,3	108950	3,5	107370	3,5
	TOTAAL	246760	3,8	264900	2,9	259480	2,8

Volgens tabel 3.6 word verwag dat die arbeidsmag jaarliks met tussen 260 000 en 265 000 eenhede sal groei. Dit beteken ook dat werkgeleenthede teen hierdie tempo geskep sal moet word vir volle absorbsie van die arbeidsmag.

## HOOFSTUK 4

### DIE AANBOD VAN MANNEKRAG IN 1981, VOLGENS ONDERWYSPEIL

#### 4.1

#### INLEIDING

In die vorige hoofstuk is die grootte van die arbeidsmag in die RSA kwantitatief geraam. Soos reeds genoem, het die gehalte van die arbeidsmag in enige land egter 'n belangrike invloed op produksie. Die gehalte van 'n werker word deur baie faktore bepaal en sy verantwoordelikhedsin, gewilligheid, eerlikheid, intelligensie en onderwyspeil sal 'n rol speel. Aangesien baie van hierdie faktore uiters moeilik meetbaar is, word die onderwyspeilsamestelling van die arbeidsmag redelik algemeen aanvaar as 'n rowwe maatstaf van die gehalte van die arbeidsmag. Aangesien die globale arbeidsmag nie uit 'n homogene groep werkers bestaan nie, spreek dit vanself dat die onderwyspeilsamestelling sal verskil volgens volksgroep, geslag en ouderdom. In hierdie hoofstuk word 'n raming van die onderwyspeilsamestelling, volgens hierdie drie veranderlikes, vir die jaar 1981 gemaak. 'n Vergelyking tussen vraag en aanbod op 'n onderwyspeilgrondslag is dus ook nou moontlik.

Die onderwyspeilverspreiding vir 1960 en 1970, volgens volksgroep, geslag en ouderdom is uit die 1960- en 1970-bevolkingsensusgewens verkry.

Die volgende kategorieë word deurgaans gebruik:

- 1 Geen formele onderwys
- 2 Laerskoolonderwys
- 3 St. 6-7
- 4 St. 8-9
- 5 St. 10
- 6 St. 10 + Diploma
- 7 Graad

Die tabellerings vir mans en vroue van elke volksgroep is deurgaans, volgens 5-jaarouderdomsgroepe (15 tot 74 jaar), verkry.

Die getal werkers in elke onderwyspeilgroep van elke ouderdomsgroep is uitgedruk as 'n persentasie van die getal in die ouderdomsgroep. Die persentasieverspreiding van elke ouderdomsgroep in 1960 en 1970 is nou gebruik om die persentasieverspreiding vir 1981 te projekteer. Besonderhede van die metode van raming word verder in die teks beskryf.

Deur die geprojekteerde persentasiesamestelling van die sewe onderwyspeile van 1981 op die ooreenstemmende geprojekteerde arbeidsmagsyfer volgens volksgroep, geslag en ouderdom toe te pas, en dan weer oor die verskillende ouderdomsgroepe (15 tot 74 jaar) te sommeer, is die totale arbeidsmag van die RSA, volgens onderwyspeil vir die jaar 1981 geraam.

#### 4.2 BLANKEARBEIDSMAG VOLGENS ONDERWYSPEIL

Die persentasieverspreiding volgens die sewe onderwyspeile, in vyfjaarouderdomsgroepe, is van 'n 10-persentsteekproef van die 1960- en 1970-bevolkingsensusgegewens verkry. Daar moet op gelet word dat die 1960- en 1970-syfers wat in hierdie studie gebruik word, van die gepubliseerde syfers van die Departement van Statistiek verskil, hoofsaaklik om die volgende redes:

(a) In hierdie studie word van 'n 10-persentsteekproef gebruik gemaak en verskille mag as gevolg van steekproefafwykings voorkom.

(b) Slegs die ekonomies bedrywige bevolking tussen die ouderdomme 15 en 74 jaar word in hierdie studie in aanmerking geneem, terwyl die gepubliseerde syfers alle ekonomies bedrywige persone, ongeag hul ouderdomme, insluit.

Daar word aanvaar dat die styging in die onderwyspeilstruktuur van die Blanke bevolking gedurende die periode 1960-1970, nie onbepaald sal voortduur nie, maar mettertyd sal afplat. Die onderstaande formules is gebruik vir die projeksie van die onderwyspeilsamestelling van die arbeidsmag in 1981.

(a) Stygende persentasies

